# Nuuskrummels



## TERUG SKOOL TOE

Gelowegis. Inc. Lourensrivier-Strand 15 Januarie 2026

# Voorbidding

**Voorbidding**

- Ds. Derick, vir vandag se boodskap

**Voorbidding:**

- Doempie Steyn
- Deon Dixon
- Langie Langenhoven
- Kalie van Heerden
- Nic Pienaar
- Esmarie Terblance
- Chris Bester

- Ons hart gaan uit na alle ander siekes en anonieme gebedsversoeke.
- Spesiale voorbidding vir Huis Jan Swart se inwoners en personeel.
- Bid asseblief vir die haweloses.

**Ons nooi julle hartlik uit om saam met ons in gebed te tree voor die Erediens in die Gebedskamer. Elke Sondag 08:30 - 08:55**

# GEBED VIR ONS KINDERS SE SKOOLJAAR

Dankie Here vir die vooruitsig van 'n nuwe skooljaar met nuwe geleenthede, uitdagings en lewenslesse van U, vir ons kinders. Dankie dat ons kan rustig wees, wetende dat...al kan ons nie elke oomblik by die skool wees nie...is U steeds met hulle.


Ons bid dat U in hierdie jaar, U guns op ons kinders sal uitstort in alles wat hulle aanpak. Gee asseblief vir hulle wysheid, insig, goeie oordeel en U onderskeiding in elke saak waaroor hulle moet beslis-al is dit in die kleinste ou dingetjies. Stuur vir hulle maats met 'n vaste koers wie se tree saam met hulle in U voetstappe gerig is.
Dankie dat ons kan verklaar dat geen wapen wat teen ons kinders gerig is tot uiting kan kom nie-in die Naam van Jesus.
Dankie dat U, U engele opdrag gee aangaande ons kinders se veiligheid en beskerming.

Vader, ons bid dat ons kinders met hul talente altyd sal onthou dat elke goeie gawe van U afkom en dat hulle U Naam sal eer met die uitlewing van hierdie gawes op die skoolgrond. Vir die dae wat ons kinders soms sukkel, bid ons dat U self vir hulle sal vrede gee-wetend dat U hulle meet volgens hul hart. Gee daarom vir hierdie kinders van ons, 'n hart so na aan U-'n Leeu hart wat spreek van die erfenis van die Leeu van Juda.

Maak ons ouerharte rustig en gee vir ons Goddelike wysheid-hoe om te praat, te vat, te luister en stil te wees as dit nodig is. Wys aan ons die onsienlike en onuitgesproke behoeftes van ons kind/ers-sodat ons as ouers in hierdie jaar akkuraat mag liefhê, bemoedig en opvoed. Ons bid al hierdie dinge in die Naam van Jesus-in geloof dat die Een wat ore gemaak het, my elke woord en hart kan hoor.

Amen





# Terug skool toe!

Gesels met kinders oor hoe hulle voel om weer met skool te begin en bid vir hulle.




VRA: Waarna sien jy NIE uit nie?

1 Pet 5:7
Werp al jou bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

**Gooi dit weg!**
Skryf al jou bekommernisse op 'n papier neer. Vou 'n papiervliegtuig daarmee en kyk hoe ver weg jy dit kan laat vlieg!

VRA: Wat gaan dalk anders wees? Hoe voel jy daaroor?

**Wat vat jy saam?**

Heb 13:5
"Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie"



VRA: Waarna sien jy UIT?

Teken jou vriende en bid vir hulle.

Jer 29:11
Ek weet wat ek vir jou beplan… voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir jou 'n toekoms gee, 'n verwagting!



# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening



## Terug Skool Toe

**1: Terug-Skool-Toe:**
**skenk van skryfbehoeftes aan skoliere in Januarie '26**

**Wat word benodig?**

- Blou pen
- Potlood - H (nie HB nie asb.)
- Uitveër
- Skerpmaker\Kleurpenne
- Inkleurpotlode of -kryte
- Sker
- Pritt of soortgelyke gomstiffie
- "Flipfile" - met 10 of 20 sakies

**Navrae: Lemari Fourie 082 692 9086**

Los asb jou bydrae in die boks(gemerk → Barmhartigheidsbediening) in die Kerk se Voorportaal of by die Kerkkantoor - voor of op 25 Januarie 2026

# Aanbidding en Barmhartigheidsbediening

***Wil jy iets doen? | Wil jy 'n Verskil maak in iemand se lewe?***
***Hier is 'n lys van projekte waaraan jy solank op jou eie tyd by die huis kan begin werk***




**Skenking van skryfbehoeftes vir skoolkinders wat Januarie 2026 skool begin.**
**Ontvangs teen 25 Januarie 2026**




**Skenking van Seep, Roll-On, Shampoo, Tandepasta en Tandeborsels.**
**Skenkings dwarsdeur die jaar welkom**




**Skenking van mussies, serpe en komberse vir bejaardes.**
**Ontvang teen Junie 2026**




**en**




**Skenking van nie-bederfbare produkte vir kospakkies vir gesinne deur die feesseisoen.**

**Hierdie projek is deurlopend deur die jaar en talle gesinne & enkellopendes word ondersteun uit die Koskas - deel van die Operasie 60/60 projek waar skenings dwarsdeur die jaar gemaak kan word.**

**Navrae: Lemari Fourie 082 692 9086**

Ondersteun asb.

# River Cleanup
# 17 Jan 2026



Annual RIVER CLEANUP
in memory of Krynauw Serdyn
the 19th will be his 9th birthday in heaven
Where: Lourensrivier
Meeting 8h00 @ Big Gumtree
Karl Kielblock Street

Come share Krynauw's passion by dedicating an hour or two of your time to our planet. Together we can make a difference.

*Arbeidsbediening- Helderbergkom*

# VRUGTE & GROENTE

## *Mark*

**Heerlike vars vrugte-Perskes, Druiwe, Pere alles Plaasvars groente soos beskikbaar .**

**Proe die verskeidenheid-saam met- Koffie, Tee of Koeldrank**







**VRYDAG 23 JANUARIE | 08:00 – 11:30**

- **Witolifante, Plante**
- **Boeke, tweedehandse klere**
- **Tuisgebak: Beskuit, Pannekoek, Koekies, Tert, Poedings**

NG Gemeente Die Strand
Brikenheadstraat 40


Bring jou beursie, bring jou aptyt — en bring 'n vriend!

**At-0837775908 / Elsabe- 0843939898**

Die is 'n deurlopende projek

# Broodsakkieknippies en bottelproppies vir Rolstoele





**Wil jy ook help om 'n verskil te maak?**
**Begin vandag deur jou broodsakkieknippies bymekaar te maak en dit by die Kerkkantoor af te gee.**
**Met hierdie eenvoudige bydrae help jy om Hoop en Waardigheid te bring aan iemand wat dit baie nodig het.**

# SnuffelMARK



## As jy kaste reg pak, huis op pak, items wil weg gee....skenk dit asseblief vir die kerk se Snuffelmark.

Die items word sorteer en die laaste Woensdag van elke maand, teen kosprys verkoop. Kom gee dit gerus af by die Kerkkantoor tydens kantoorure.

Skenkings is welkom: klere, meubels, skoene, gordyne, komberse, kussings, kinderspeelgoed, kombuisware, bekers, koppies, pierings, skildery, en vele meer



Volgende Snuffelmark:
Woensdag 28 Januarie '26
@ 11:30


Save the Date
Lifeline Jeug
13 - 15 Februarie ‘26
Gr 8-12
KAMP

Lourensrivier-Strand



# Dinamiet Kiedz en Beloftelanders

# 2026

**Ons nooi al die Gr. RR tot Gr. 7 leerders hartlik uit om die jaar by ons aan te sluit. Kom leer saam met ons oor die wonder van Jesus en hoe om diensbaar te wees.**

**Sondag 18 Januarie om 09:00.**
**Ons kom eers in die kerk bymekaar en sal dan na die saal verdaag.**

**Bring gerus ‘n maatjie saam.**
**Skakel asb. vir Tannie Karin**
**vir meer inligting: 083 653 0654**

**Program vir 2026**

Sondag 18/01 - Inskrywing
Sondag 25/01 - Les 1
Sondag 01/02 - Les 2
Sondag 08/02 - Les 3
Sondag 15/02- Kinderdiens
Sondag 22/02 - Les 4
Sondag 01/03 - Les 5
Sondag 08/03 - Les 6
Sondag 15/03 - Les 7
Sondag 22/03 - Les 8



Jy kan ook jou **Dankoffer en Bydrae**s vir die gemeente deur die ZAPPER selfoon toepassing gee.

**Bank inligting:**

Lourensrivier Gemeente ABSA (Strand)

Takkode: 334-312

Reknr.: 420 580 231

Verwysing: naam en van

e-pos aan: fin@lourensrivier.co.za

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

Kontak die kerkkantoor om in te skakel, of vir meer inligting: 021 853 5991

**RAPHA VROUE**
Elke tweede Maandag.

**SENIOR MANNE**
Woensdae 08:30 voor in kerk

**VROUEGROEP**
Woensdae 09:00 in die gebedskamer

**MANNEGROEP**
Vrydae 05:30 in die Konsistorie

**Kontak ons gerus : 021 853 5991**
Predikant: Ds. Derick Boonzaaier
derick@lourensrivier.co.za

**Admin kantoor-ure**
Maandag: 09:00 - 14:00
Dinsdag - Donderdag: 08:00 -14:00
Vrydag: 08:00 -13:00
Skriba: admin@lourensrivier.co.za

**Finansies kantoor-ure**
Maandag: 09:00 -12:30
Dinsdag - Vrydag: 08:00 -12:30
Finansies: fin@lourensrivier.co.za

**BESOEKERS / NUWE LIDMATE**
In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

As jy 'n **GEBEDSVERSOEK, of 'n HUISSBESOEK VERLANG,** vul dit ook in die boekie in.
Of stuur jou navraag/versoek na admin@lourensrivier.co.za
Kontak Ds. Derick direk vir enig besoeke of afsprake 082 333 6012

:

Stoor (save) asb. die nommer op jou selfoon - anders kan jy dalk nie die boodskappe kry nie
***Lourensrivier-WhatsApp Groep***
Stuur 'n WhatsApp met jou naam na
Ds. Derick: 082 333 6012 of
Lémari: 082 692 9086
as jy op die kerk se WhatsApp groep wil wees.

Lourensrivier-Strand